

## Prosedure vir aflegging van Openbare Belydenis van Geloof

Alle lede van ons kategeese is welkom om aansoek te doen om Openbare Belydenis van Geloof (OBG) ongeag van hul ouderdom of graad. Om te verseker dat hierdie proses sinvol en verantwoordbaar geskied word die volgende proses gevolg.

### 1. Belydenis geleentehede

- 1.1. Na oorleg met die GR is besluit dat daar gepoog word om minstens 6 geleentehede tot OBG per jaar te skep.
- 1.2. Die getal aansoekers wat kan belydenis afle word tot 12 per erediens beperk. Dit maak dit moontlik om die geleentehede sinvol in te rig met die nodige meeleving van die gemeente sonder om die diens gejaagd of lomp te maak.
- 1.3. **Alle afleggings vind in die Jong Erediens plaas. DIT BLY EGTER BAIE BELANGRIK DAT GROEPE WEET HULLE NIE AS GROEP KAN AFLE NIE. DIS 'N ONDING WAARTEEN ONS HARD WERK- BELYDENIS IS IETS PERSOONLIKS WAT ELKEEN OP SY/HAAAR TYD DOEN WANNEER HULLE WERKLIK INDIVIDUEEL REG IS EN NIE WANNEER DIE GROEP REG IS NIE.**
- 1.4. Datums vir hierdie geleentehede sal so spoedig moontlik in elke jaar bepaal word en is in die kerk almanak beskikbaar.
- 1.5. Hierdie geleentehede sal elk vier datums betrek. Die eerste is die datum van inhandiging van aansoeke (Punt 2), die tweede die datum van die orientasie (Punt 3), die derde die datum van die ete saam met die ouers en mentors (Punt 4) en die vierde die datum van die aflegging self.

### 2. Aansoek

- 2.1. **Om in aanmerking te kom vir OBG moet die jong lidmaat vir 'n jaar (12 maande) aktief deel wees van 'n jeug groep in die gemeente.**
- 2.2. Wanneer aansoek gedoen word moet die relevante vorm vir OBG verkry word vanaf die webwerf, die kerkkantoor gedurende die week of die kerk voor of na erediens. Hierdie vorm word ingevul deur die aansoeker en sy/haar ouer/s.
- 2.3. Die vorm word ingedien by die kerkkantoor of epos dit aan Zandra by [zandra@ngkerkpellissier.co.za](mailto:zandra@ngkerkpellissier.co.za)
- 2.4. Die mentor van die jeug omgee groep sowel as die leier van die Jeuggroep waarin die jong lidmaat bedien sal dan in die lig van die aansoek elkeen 'n kort getuigskrif vir die leerder skryf en die getuigskrif inhandig by die kantoor voor die afsny datum vir die betrokke geleentheid. Die aansoeker moet die aansoek betyds indien om die mentor en leier ruim geleentheid te gee om hul getuigskrifte voor te berei.

### 3. Orientasie

- 3.1. Elke aansoeker vir OBG moet beskikbaar wees op die betrokke datum wat daarvoor aangewys word om 'n oriënterings dag by die kerk by te woon. Hierdie dag sal op 'n Vrydag of Saterdag meer as 'n week voor die aflegging plaasvind en sal tipies 3 ure duur.
- 3.2. Tydens die sessie sal 'n kategeese mentor 'n geestelike gesprek voer met die aansoeker om te bepaal wat haar/sy geestelike verstaan van hul verhouding met God is. Die doel hiervan is om te help bepaal of die aansoeker 'n sinvolle geloofsontwikkeling het en of hul geestelik volwasse genoeg is om sinvol te kan antwoord op die belydenis vrae.

- 3.3. Daarna word 'n orientasie sessie aangebied waartydens die proses en inhoud van OBG bespreek word om te verseker dat die aansoekers verstaan wat dit behels en beteken.
- 3.4. Aan die einde van hierdie sessie moet aansoekers by die huis 'n brief skryf aangaande die redes waarom hul wil belydenis aflê en dit **inhandig by die jeug leier teen die volgende Maandag. Die brief bestaan uit twee gedeeltes. Eerstens 'n getuienis oor die persoon se eie pad saam met God en tweedens 'n verduideliking oor waarom hy/sy wil belydenis aflê.**

Die doel van hierdie proses is nie om 'n finale oordeel te fel oor die geestelikheid of geloof van 'n aansoeker nie, maar om te verseker dat die wat dit aflê verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar en die volheid van so 'n spesiale dag kan geniet. In sommige gevalle sal ons aanbeveel dat 'n aansoeker vir nog 'n ruk (bv. 3-6 maande) kategetiese loop voordat hul belydenis aflê.

#### 4. Gesinsgeleentheid

- 4.1. Aansoekers wat kan voortgaan met OBG sal saam met hul ouers en broers/susters die gesins ete bywoon op die Donderdagaand voor die aflegging.
- 4.2. Die doel van hierdie geleentheid is om die mentors, aansoekers en ouers geleentheid te gee om te gesels oor die aflegging, die pad wat hul saam gestap het tot hier en ook om die ouers te help orienteer ten opsigte van die proses wat voorlê.
- 4.3. Tydens hierdie geleentheid sal die ouers geleentheid kry om met die mentors gesprek te voer.
- 4.4. Ons bespreek die weg vorentoe vir aansoekers wat nog nie klaar is met kategetiese nie en wat nog na die aflegging deel van hul groepe moet vorm.

#### 5. Aflegging

- 5.1. Tydens die erediens sal die jeugleier die proses aan die gemeente voorhou.
- 5.2. Die jeugleier roep die mentors van die betrokke aansoekers vorentoe waarna die mentors self hul groeplede en ouers vorentoe nooi.
- 5.3. Die **doopouers** bring die aansoekers vorentoe en spoel hul hande af in die doopbak te viering van die doop belofte wat hul voor God gemaak het. LET WEL hierdie is nie 'n doop nie, slegs 'n herinnering daaraan en viering daarvan. Daarna gaan sit die ouers weer.
- 5.4. Ons kan vra dat aansoekers 'n baie kort belydenis voorlees vir die gemeente of om dit op die projektor te plaas.
- 5.5. Nadat al die aansoekers vorentoe gebring is sal die betrokke predikant die formulier vir OBG aan hul voorhou en hul antwoord daarop.
- 5.6. Hierna sal die predikant en mentors hulle gelukwens.
- 5.7. Die gemeente sal reageer op die aflegging deur gebed, sang of ander simboliese handeling wat die aansoekers verwelkom .

Hierdie riglyn gee ons 'n metode om te werk aan 'n betekenisvolle belydenis aflegging vir die jong gelowige wat erns daarmee maak. Dit sal evalueer en aangepas word soos benodig.